# A Brave New World week 4

## Reinig julleself en volg die ark

## Josua 3:1-17




## Inleiding

Die Israeliete staan met 'n groot verwagting voor 'n nuwe uitdaging. Hulle het 40 jaar in die woestyn rondgeswerf met die droom van 'n nuwe lewe. Uiteindelik gaan die Here se beloftes oor hul lewe waar word. Maar tog was hulle ook effens bekommerd. Moses hul ou leier is dood. Hulle was bekend en gewoond aan die woestyntog en nou lê 'n totale nuwe lewe voor.

**Watter nuwe challenges lê vir jou voor?**

## Luister na die Woord

***Hierdie Bybelstudie gaan eers van jou vra om op jou eie 'n klompie goed te doen Wwerk op jou eie deur hierdie vrae, gee jouself genoeg tyd by elke vraag en dan kan julle as groep oor van die sake saamgesels wat met 'n DEEL eindig.***

➊ **Raak net eers rustig**. **Maak jou kop skoon** van al die goed wat 'jou mind clutter', wat meeding om jou gedagtes. **Vat elke gedagte gevange** en gee dit vir die Here. As die gedagte weer terugkom, **gee dit weer vir Hom**, hou so aan tot jy jouself sien waar jy voor die voete van die Here sit sonder allerhande bekommernisse, vrese, onsekerhede - net jy en Hy.

➊ **Luister na die gedeelte wat vir jou gelees word**. (*Laat een person in groep Josua 3:1-17 lees*) Probeer 'n prentjie in jou kop kry van hoe dit daar moes lyk langs die Jordaan... Grasgroen... hoor hoe loop die rivier in die agtergrond... voel die son wat op jou bak... luister weer na die gedeelte as dit 'n tweede maal vir jou gelees word. **Wat tref jou?** ***DEEL***

➊ **Probeer jouself invoel** in die skoene/sandale van die Isareliete. Hulle voete pyn van die jare se stap deur die woestyn... lippe seer gebrand en gebars - lek oor jou lippe, hoe droog is dit?

➊ **Voel hul opwinding aan**... hier lê iets greats voor die deur... net ander kant hierdie rivier... iets opwindend... nuut... het nog nooit so iets ervaar nie... totaal vreemde land... nuwe geleenthede... nuwe moontlikhede... huise bou... landerye aanlê... plant... oes... saai... voel hul afwagting aan...

➊ **Raak bewus van hul onsekerheid**... sê nou ek kan dit nie doen nie... sê nou ek kry dit nie reg nie... sê nou ek maak 'n mislukking van hierdie kans... sê nou ek drop mense... of die Here... Weet nie of ek dit kan doen nie... uitdaging is te groot... bang...

➊ Hulle kry die **opdrag om hulle te reinig**... wat is daar waarvan jy jouself sal moet reinig... Gee dit vir die Here, sê vir Hom van alles... opdrag om reg te wees... is jy reg?... wat is daar wat jou nog weerhou van regwees... **wat hou jou nog terug**... sê dit vir die Here...

➊ Sien in jou verbeelding die **ark**... met goud oordek... die Israeliete het geweet dat die Here by hulle is - die ark was die teken daarvan - **weet jy dat die Here by jou is** ... Jy sien hoe die Leviete die ark optel en rivier toe stap, onthou die opdrag volg die ark... in verbeelding sien hoe jy opstaan en **agter die ark aanstap**... Sien jy hoe hulle by die rivier kom wat in vloed is... en nie huiwer nie maar instap... en skielik hoe die water opdam... en jy stap in die rivier in en daar is nie eers modder nie - dis droog kurkdroog... en julle almal stap deur...

> Sjoe, ek kon die Here hiervoor vertrou... watter great wonderwerk... dankbaarheid, verligting... **dan kan ek Hom mos maar vir ander goed ook vertrou**... watter goed is daar waarmee jy Hom vanaand wil vertrou? ***DEEL***

➊ Hulle vra jou om 'n **klip op te tel en in die rivier te gaan sit**... jy soek 'n lekker grote... swaar... dra dit tot in die middel... pak dit op die hoop... Om te onthou... **Wat wil jy onthou oor wat die Here jou geleer het? *DEEL***

➊ en skielik staan die Here voor jou en Hy vra vir jou: **Wat het jy nodig vir hierdie 'nuwe land' uitdaging wat voor jou lê?** Sê vir Hom wat jy nodig het..

➊ Ek wil vir jou beloftes gee! Luister weer aandagtig na die Skrifgedeelte en haal die beloftes uit. **Watter beloftes gee die Here vandag vir jou? *DEEL***

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur vir mekaar te bid.**